

DEEL DRIE (INTERNE APPÈLLE)

A. **INTERNE APPÈLPROSEDURE: WAAR DIE VERSOEKER DIE APPELLANT IS ('N INTERNE APPÈL WORD AANGETEKEN BY DIE T/O(SG) TEEN 'N BESLUIT VAN DIE IB VAN 'N INRIGTING)**

1. **APPELLANT**

Die versoeker begin die appèlprosedure:

1.1 Die versoeker kan ingevolge artikel 74(1) van die Wet 'n interne appèl aanteken teen 'n besluit van die IB:

1.1.1 om 'n versoek om toegang te weier

1.1.2 om gelde te hef (artikel 22)

1.1.3 om die tydperk om 'n versoek te hanteer, te verleng (artikel 26(1))

1.1.4 om die vorm (formaat) van toegangsverlening te wysig (artikel 29(3)).

- **Die versoeker wat wil appelleer sal binne 60 dae nadat hy of sy van die IB se besluit in kennis gestel is, 'n interne appèl moet indien. So 'n appèlaansoek sal op Vorm C (sien Bylae 8) by die IB ingedien moet word. (Inrigtings moet self hierdie vorms (Vorm C) dupliseer vir beskikbaarstelling aan versoekers.)**
- **Die versoeker kan die voltooide Vorm C aan die IB pos of by sy of haar adres aflewer of na sy of haar faksnommer of E-posadres stuur (artikel 75(1)(b)).** (Die VB van die inrigting sal die algemene administratiewe werk van die interne appèl hanteer soos vereis in artikels 74 tot 75(4). Vanaf artikel 75(2) se bepalings berus die verantwoordelikheid van administratiewe hantering van die interne appèl by die T/O (SG) se administratiewe kantoor.)

Die Wet bepaal verskeie tydsbeperkings waarbinne die appèl aangeteken moet word:

- In gevalle waar geen derde party betrokke is nie, moet die versoeker, soos hierbo genoem, die appèl aanteken binne 60 dae nadat die IB die versoeker in kennis gestel het dat sy of haar versoek geweier is (artikel 75(1)(a)(i)).

8. **Beslissing oor 'n interne appèl deur die T/O(SG) en kennisgewing daarvan – artikel 77.**

8.1 Die T/O(SG) moet, onder andere, die volgende deeglik in aanmerking neem wanneer 'n besluit oor 'n interne appèl geneem word (Artikel 77(1)):

- Die besonderhede wat die derde party(e) in sy of haar appèlaansoek-dokument(e) verstrek het en moontlike verdoë wat daarna deur die derde party(e) gerig is.
- Wanneer daar nie met 'n derde party in aanraking gekom kan word nie, moet die T/O(SG) in gedagte hou dat die derde party nie die geleentheid gehad het om verdoë te rig en sy of haar kant te stel nie.
- Die rede(s) wat die IB aanvoer vir sy of haar besluit waarteen nou geappelleer word.
- Die T/O(SG) moet binne 5 werksdae nadat die versoeker sy of haar verdoë gerig het, beslis oor die appèl – artikel 77(3)(c)(i).
- Indien die versoeker besluit om geen verdoë te rig nie, moet die T/O(SG) die appèl binne 30 dae vanaf die datum waarop hy of sy die versoeker van die appèl in kennis gestel het, beslis – artikel 77(3)(c)(ii).
- Wanneer 'n derde party betrokke is, moet die T/O(SG) binne 30 dae vanaf die dag waarop die derde party van die appèl in kennis gestel is, sy of haar besluit neem – artikel 77(3)(b).

8.2 **Die T/O(SG) moet onmiddellik nadat hy of sy 'n besluit geneem het, die DERDE PARTY in kennis stel of die interne appèlaansoek suksesvol was al dan nie. (Artikel 77(4)).**

8.3 **Die T/O(SG) moet onmiddellik nadat hy of sy 'n besluit geneem het, die VERSOEKER in kennis stel of die appèlaansoek van die betrokke derde party suksesvol was of nie.**